

Goeiemore en hartlik welkom.

Dankie vir gasvryheid... Dankie vir elkeen se omgee. Dankie vir almal wat kos gestuur het... Dankie vir die bedagsaamheid vir ek wat allergies is vir neut. Onthou asseblief net, ek is nie allergies vir Biltong, Steak, Melktert, Pannekoek en Rice Krispiekoekies nie....

Vanoggend, soos ek glo daar baie oggende gaan wees, wil ek graag 'n getuienis met julle deel. Dit is gegrond op dit wat ek gevoel het ek vanoggend met julle wil deel. Ek het lank hieroor nagedink. Ek het ook bietjie rondgeluister, en 'n getuienis van Alan Storey het my veral gehelp om die raam van vanoggend se getuienis te skep. Dit is iets uit my hart uit, vir jou. Maar jy kan kies wat om daarmee te maak. Jy mag van my verskil. Jy mag dink dit is dalk nie toepaslik op jou lewe nie. En jy mag die gesprek met my verder voer indien jy wil. Alle getuienisse is voorlopige getuienisse, gebasseer op hoe ons nou dink, en wat ons nou by die Here gehoor het.

Ek glo God ontmoet ons op baie terreine. Ja hier binne die pragtige kerkgebou is een van hulle. Maar daar is soveel ander. God kan julle wat inskakel vanoggend daar op jou rusbank, of in jou bed ontmoet. God ontmoet mense by die kerk, maar ook by die werk, en by die skool. Ons moet net mooi luister en mooi kyk.

Ek glo God ontmoet ons ook deur baie middele. Ja deur hierdie wonderlike Bybel is een van die maniere. Maar daar is soveel ander. God ontmoet ons deur verhale. Verhale vanuit die koerant, verhale van vriende, verhale vanaf Facebook. Ons moet net mooi luister en kyk.

Ek deel so verhaal. Ek was op die 17de Mei hier om een van julle Pinkster geleenthede aan te bied. Ek het 'n paar van julle ontmoet, en deurentyd het ek mooi gekyk en geluister en heelyd gewonder is hierdie die plek waarheen die Here my roep. Kan ek myself hier sien? Is dit die volgende hoofstuk in my lewe? So bevind ek myself die volgende oggend vroeg op Airlink Flight 4Z672 in rigting Kaapstad. Ek sit in Sitplek 11A en in my hand is die wonderlike boek genaamd Halftime (deur Bob Buford). Changing your game plan from success to significance. Hoe beweeg mens van sukses van Impak.

Ek lees toe die volgende vraag op Bladsy 47:

- Do you understand the difference between being called and being driven?

Ek het dit gelees, en toe weer gelees, en weer gelees, en geonderstreep, en toe die boek toegemaak en die res van die tyd aan die gedagte gedink...

Verstaan ons die verskil tussen om geroep te wees, en om gedrewe te wees? Is dit dieselfde? Kan dit albei wees?

Ek dink die een (die roeping), being called, is iets wat hier binne gebeur. Dit is wanneer jou binneste roer. Wanneer jy weet, ek kan nie nou anders nie. As ek nou nie hierdie doen nie, is ek ongehoorsaam aan wat ek voel, wat ek dink... Dit is dikwels moeilik om dit te beskryf of in woorde vir ander oor te sit.

Want hoe mooier jy kyk (en luister) hoe meer sien of hoor jy raak. Ek dink byvoorbeeld aan hoe ek vandag hier staan. En hoe ek die beroep/pos by NGK Kraggakamma aanvaar het.

- Ek dink aan hoe ek op Heidelberg as 5 jarige seuntjie na die speelskooltjie toe gegaan het met die naam Kamma Kamma..... van Kamma Kamma na Kragga Kamma
- Ek dink aan hoe ek vroeër hierdie jaar n getuienis gedoen het van hoe ons sout en lig vir die wêreld moet wees, en in daardie selfde week lees ek die gemeente se vakature dat hul opsoek is na 'n jong dinamiese persoon om sout en om lig te wees.
- Ek dink aan hoe my kollega 'n huweliksgeleentheid na my verwys. Ek ken die mense van geen kant af nie, hul kom eintlik van Benoni af, en hierdie mense kies om te trou by die Kraggakamma Nature reserve in die Koue Bokkeveld Cederberge.
- Ek dink aan verelde week, hoe my eerste selgroep bywoning, afgesluit word met een va my geliefdke tekste Psalm 50:15

Van buite af klink dit soos random stories. Vir my persoonlik is dit meer as dit... Dit is God wat my roep, en vir my bevestig om nou hier te wees...

Mense kan geroep en gedrewe wees. Ek glo dit... Maar wanneer mens gedrewe is sonder om geroep te wees, dan raak dinge moeilik.....

Hierdie was 'n getuigenis vanuit Toit Wessels 1992-2021, en Halftime (Bob Buffrod) bladsy 47. Maar ek wil graag vanoggend, uit die boek waarvoor ek die liefste in die hele wêreld is, ook 'n getuigenis deel. Ons lees saam vanuit Lukas 24:13-35

Hierdie is 'n ongelooflike verhaal. Een waaroor mens definitief meer as een geleentheid kan gesels. Vandag staan ons stil uit die hoek van die Emmaus-gangers, maar volgende Sondag hou ons saam nagmaal. By daardie geleentheid gaan ons ook hierdie teks lees, en stilstaan om die teks vanuit Jesus se hoek te aanskou. Ek wil graag 4 gedagtes vanoggend met julle deel, rakende die teks. En dit gaan kort wees, die droom is dat julle dit hierdie week in jul families en omgegroepe verder met mekaar bespreek. En maak kontak met my, vertel my wat jy dink, wat jy nie dink nie...

Ons lees hier hoe twee manne stap. Na Emmaus. Hul stap kop onderstebo. Hierdie 2 mans se wêreld is platgeslaan. Hulle is sonder enige hoop. Alles waarvoor hul gehoop het, is van hul af weggevat. Hul lei aan verlies. Hierdie twee mans is deurmekaar, want die een sê hierdie, en die ander een sê weer daardie. Ek kan eintlik die twee manne sien stap.

Ons ken die pad na Emmaus. Daardie geleentheid waar ons in die lewe verkeer sonder enige hoop, sonder enige geloof en sonder enige liefde. Want die lewe slaan ons ook plat. Die lewe steel ook ons vreugde. Die lewe maak ons ook baie deurmekaar. Goed in ons lewe val ook uitmekaar. Verhoudings en vertrouwe breek ook in ons lewe.

Maar dan lees ons:

^{15.} Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloopt,

(Punt 1- Jesus loop saam)

Is dit nie ongelooflik nie. Dat ons op hierdie lewensreis kan glo, en weet dat die Here met ons saamloop.

Ons sing dit mos al van kleins af. Voel jy soms of die Here te vêr is, twyfel jy soms in God se bestaan (dit is die pad na Emmaus, dit voel alleen, dit is vol twyfel)- maar dan sing ons, jy moet GLO dat die HEER met jou saamloop dat sy GEES oral met jou sal gaan...

En die wonder, dat hier is die beweging nie van hulle na Jesus nie, maar andersom. Jesus het self nader gekom. Ek wonder of ek en jy elke dag, in ons bestaan, met genoeg bewustheid omgaan om te weet dat Jesus saam loop. Om bewus te wees van sy teenwoordigheid by die skool, by die kantoor, by die werk, by die winkelsentrum.

Ek wonder of ons nog genoeg moeite daarmee doen, of koop ons die storie wat die wêreld vir ons gee dat ons ALLEEN loop, dat niemand vir ons omgee nie, dat ons elke dag oppad is na EMMAUS (Daardie plek sonder hoop en vertrouwe).

Ek en jy moet glo, moet weet dat ons 'n permanente mede reisgenoot het. Ons reis nie alleen nie. Waarlik Immaneuël God met ons.

Die tweede punt is ietwat so biejtie vreemd. Nou stap Jesus saam met die mense, maar ons lees dat hulle oë verhinder is om Hom te herken.

En ek wonder hoekom dit so was? Ek weet mos met Paulus was dit dieselfde gewees. Oë wat verhinder was om vir Hom te sien. Ek wonder hoekom dit nou so moes wees. En toe dink ek, dalk iets wat die twee mense later sou besef as hulle oor hierdie wonderlike dag terugdink.

(Punt 2- Jesus se teenwoordigheid hang nie af van of ek hom sien of nie sien nie)

Ek kan aan vele verhale van mense se lewe dink. Daardie tragiese verhale van waar dit klink asof God nie daar is nie. Daardie verhale waar jy eintlik na die tyd wens jy het dit nie gehoor nie want dit bly by jou en al probeer jy slaap dink jy steeds daaroor. Daardie verhale waar jy dink, waar was God? Hoe kan God hierdie toelaat? Hoekom doen God niks nie? Hoe kan hierdie deel wees van God se wil?

En dan dink ek net weer aan die Emmaus gangers. Wat in Jesus se teenwoordigheid was al weet hul dit nie. En ek wil dit glo van alles en almal. Dat alhoewel dit vir my moeilik is om God by iemand se situasies te sien, alhoewel ek nie kan glo dat God nie daar is nie. Is hy steeds daar. DIT IS DIE OPSTANDING!!

Daarom is my persoonlike gebed nooit, Here wees asseblief by hierdie persoon of daardie persoon of daardie een nie. Maar my gebed is liewer- Here help hulle om U te hoor in die stilte... Help hulle om U te hoor in die storm... Here help hulle om U te sien in die donker... Here help hulle om U te voel in die verte... Help hul om te weet, U is daar, U is teenwoordig, selfs al sien hulle dit nie...

Die derde punt, is dat Jesus hulle hier wil help om sy teenwoordigheid te besef. En Hoe doen hy dit?

Hy doen dit deur sy medemenslikheid. Hy gesels net met hulle. Hy vra vir hulle goeie vrae. Hy gesels met hulle oor die woord... Jesus se teenwoordigheid hang nie af van of hul hom sien of nie sien nie. Sy teenwoordigheid hang eintlik glad nie van ons af nie, maar totaal en al van hom. WIE HY IS.

Maar wanneer gebeur dit wanneer hulle God sien?

Hierdie twee mense kies om vir hierdie vreemdeling/enkeling, verstoteling, hierdie vreemde man wat net randomly saam met hulle begin stap het, hierdie man wat sy Bybel so goed ken, hierdie man wat goeie vrae vra- hulle kies om hierdie vreemde man te nooi om by hul oor te slaap. Hul eet ook saam, en sodra hul die brood breek kom die groot oomblik. Hulle sien Hom....

Punt 3- Ons sien Jesus se teenwoordigheid nie net wanneer ons die woord lees nie, maar wanneer ons die woord LEEF.

Dit is in hierdie twee Emmaus gangers se lewe, se optrede, se gasvryheid, se liefde, dat hul uiteindelik besef wie by hul was. Waar hul uiteindelik God se teenwoordigheid besef.

Vir my en jou, mag LEES en LUISTER nooit genoeg wees nie. Dit is wanneer LEES EN LUISTER oorgaan na LEEF toe, dat ons Jesus se teenwoordigheid ervaar.

En daar is klomp sulke verhale in die gemeenskap. Vra maar vir die mense wat by PE Noord voedselprojek, of Kleinskool, of getuienisbediening betrokke is. Vra maar vir enige persoon wat hul roeping/gawes op 'n sekere manier sien.... Of enige persoon wat weer probeer het, weer vergewe het, weer liefgehad het, weer omgee het.

Eintlik moet ons sing, LEEF JOU Bybel bid elke dag... Dit is nie net in die lees nie, maar ook in die leef, in die doen van God se woord, wat ons Sy teenwoordigheid ervaar...

Die laaste punt wat ek wil maak, gaan ons terugbring na waarmee ek die getuienis weggetrek het. Hierdie mense

³² Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?"

In die Griekse vertaling staan daar, het ons hart nie in ons gebrand, toe Hy met ons gepraat het nie.

Punt 4- Het ons binneste nie geroer: Being called towards

Bob Buford het in Halftime mos vir ons gevra: *Do you understand the difference between being called and being driven?*

Om geroep te wees, is om mooi te luister, en 'n fyn anvoeling te ontwikkel na wanneer en waar ons binneste roer. Want daardie binneste wat roer is nie sooibrand nie, dit is nie hartsprobleme nie, dit is God. Dit is die ruimte waar jou gawes, met die wêreld se nood kruis. Dit is daardie speelveld waarvoor jy juis hier op aarde geplaas is. Waar jy besig is om nie net 'n sukses probeer te maak nie, maar liever 'n groot impak te maak.

Mense wat vir my die week verhaal, Toit as ek aan my eie kinderdae by die kerk dink, en ek dink aan kinderkerk/kategese dan roer iets hier binne my, daarom moet ek betrokke raak..

Mag ek en jy nie die oomblikke in ons lewe, waar ons hart geroer word, net verby ons laat gaan nie...

Ek vat saam:

Lukas 24:13-25 het my baie goed geleer..... Maar hierdie 4 goed dra ek saam met my hier by my bediening hier by Kraggakamma en hopelik kan jy dit ook saam met jou dra:

1. Jesus loop saam.... In my lewe, en in jou lewe...
2. Jesus se teenwoordigheid hang nie af van of ek hom sien of nie sien nie... Hy is hier.... Maar ook daar...
Vertrou hom in die donker.
3. Ons sien Jesus se teenwoordigheid nie net wanneer ons die woord lees nie, maar wanneer ons die woord LEEF.
4. Wat laat jou binneste roer? Na wat/wie word jy geroep.